

---

# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging

## Bushveld Hunters and Game Conservation Association

Posbus/P.O. Box 1771 Polokwane 0700



### BELEID EN PROSEDURES RAKENDE

## AANVAARDING VAN KWALIFIKASIES

### 1. INLEIDING

In die onlangse verlede is probleme ondervind met lede wat toetse by ander verenigings aflê en dan die kwalifikasie by BJV wil ontvang, of nuwe lede wat van ander verenigings oorkom met kwalifikasies in plek. Die doel van hierdie dokument is om riglyne aan takvoorsitters te verskaf rakende die aanvaarding van sulke kwalifikasies.

### 2. LEDE WAT OORKOM VAN ANDER CHASA GEAFFILIEERDE VERENIGINGS

#### 2.1. Kwalifikasies

Indien 'n nuwe lid by die vereniging aansluit en hy was voorheen lid van 'n CHASA geaffilieerde vereniging moet die lid afskrifte van sy sertifikate inhandig by die takkantoor. Al die kursusse wat geslaag is, sal deur BJV erken word op grond van die sertifikate wat ingehandig is.

#### 2.2. Toegewyde jagter

Indien 'n lid 'n toegewyde jagter was by sy vorige vereniging en sy status bevestig kan word, sal BJV ook toegewyde jagterstatus aan so 'n lid toeken. Vir rekord doeleindes sal dit egter van so 'n lid verwag word om weer aansoek te doen vir toegewyde jagterstatus. So 'n lid sal egter nie hoef te betaal vir die verwerking van die aansoek nie. Indien 'n lid nie 'n toegewyde jagter was nie, sal hy kan aansoek doen indien die kwalifikasies wat hy reeds verwerf het, voldoende is. Dit sal nie vir hom nodig wees om weer die kwalifikasies by die BJV te verwerf nie.

Lede wat 'n professionele jagterskursus suksesvol voltooi het, kan ook aansoek doen om as toegewyde jagter te registreer. So 'n lid hoef slegs die sertifikaat wat deur die betrokke opleidingsinstansie uitgereik is, in te dien en hoef nie 'n praktiserende professionele jagter te wees nie.

### **3. LEDE WAT OORKOM VAN SAPD GEAKKREDITEERDE VERENIGINGS**

#### **3.1. Kwalifikasies**

Indien 'n nuwe lid sou oorkom van 'n vereniging wat nie by CHASA geaffilieer is nie, kan sy kwalifikasies steeds erken word indien hy die nodige sertifikate by sy tak indien. Indien so 'n nuwe lid egter 'n CHASA bekwaamheidssertifikaat sou verlang sal dit van so 'n lid verwag word om die voorgeskrewe CHASA kursus te voltooi. Dit maak nie saak of hy reeds 'n soortgelyke kursus voltooi het nie.

#### **3.2. Toegewyde jagter**

Indien 'n nuwe lid sou oorkom van 'n SAPD geakkrediteerde vereniging en hy kan bewys lewer dat hy ten tye van sy aansluiting by BJV as toegewyde jagter geregistreer was, sal die BJV sy status erken en hom by BJV as toegewyde jagter registreer. Indien so 'n nuwe lid egter nie 'n toegewyde jagter was ten tye van sy aansluiting by die BJV nie, sal dit van so 'n nuwe lid verwag word om die voorgeskrewe kwalifikasies te verwerf en dan op die voorgeskrewe manier aansoek te doen om as toegewyde jagter te registreer.

### **4. BJV LEDE WAT BY ANDER CHASA GEAFFILIEERDE VERENIGINGS KWALIFIKASIES VERWERF**

Van tyd tot tyd gebeur dit dat BJV lede by ander CHASA geaffilieerde verenigings hulle CHASA toets gaan skryf of die skiettoets doen. In so 'n geval moet die lid sy gemerkte vraestel, saam met bevestiging van die ander vereniging se opleidingsbeampte, dat die toets wel onder hulle toesig afgelê is, by sy tak se opleidingsbeampte inhandig. Die kwalifikasie sal dan op rekord geplaas kan word. Skietuitslae moet in die lid se aktiwiteitsregister aangeteken word en deur die ander vereniging se baanoffisier of opleidingsbeampte bevestig word deur op die voorgeskrewe plek te teken. Indien hierdie prosedures gevolg word sal die kwalifikasie deur die BJV erken word.

### **5. BJV LEDE WAT BY ANDER NIE-CHASA GEAFFILIEERDE VERENIGINGS KWALIFIKASIES VERWERF**

Geen kwalifikasie wat deur 'n BJV lid by 'n nie-CHASA geaffilieerde vereniging verwerf is, kan deur so 'n lid gebruik word om as toegewyde jagter te registreer nie.